



GROEIGROEP MATERIAAL

BUITENGEWOON

Jou gewone lewe maak
buitengewoon baie saak vir God.

Jou gewone lewe maak
buitengewoon baie saak vir God.

Buitengewoon

Jou gewone lewe maak buitengewoon saak vir God...

Buitengewoon (Reeks boodskappe)

- Waarvoor vlug jy? - 16 Januarie 2022
- Waarna soek jy? - 23 Januarie 2022
- Waarvoor leef jy? - 30 Januarie 2022

Ysbreker (15 min)

Hy gee nie moed op nie. Wanneer God met jou praat sal Hy nie net onvermoeid aanhou praat nie. Hy sal nie net van binne met jou praat en van buite die boodskap wat Hy aan jou oordra, bevestig nie. Hy sal ook sorg vir vrede diep in jou hart – selfs wanneer daar wanorde in jou lewe is.

Deel met mekaar 'n geleentheid of gebeurtenis van wanorde in jou lewe waar God onvermoeid met jou gepraat het, en jou vrede laat ervaar het.

Uit Sondag se boodskap – 15 Januarie 2022.

Waarvoor vlug jy? (.....weg van wat die Here vra jy moet doen)

Ons het almal 'n verskonings.....
En ons verskonings het almal 'n rede....
En ons weet ons rede maak nie dikwels sin nie.....
Al wil ons so graag hê dit moet

BUITENGEWOON

Jou gewone lewe maak
buitengewoon baie saak vir God.

Redes wat maak dat ons vlug

- (Bang om op) **Iets uit (te) mis**....as ek doen wat die Here van my vra ..al weet ek wat ek doen is onverantwoordelik of nie reg nie...
- (Gebrek aan) **Vertroue**.... in wat God wil hê ek moet doen.....of ek vertrou nie die uitkoms nie...God ken nie my storie nie (dan sou Hy dit nie van my vra nie)
- **Teleurstelling** (oor gebeure en of versoeke aan die Here in die verlede, wat anders as my verlangde uitkoms was)hoe kan ek ooit weer die Here vertrou?
- **Verskonings**....is verskonings besig om die koning van jou lewe te word?

Vraag: Staan enige van die bogenoemde redes (vir vlug) vir julle meer uit as die ander, of is een rede belangriker as die ander. Hoekom?

Blaming (or using) internal issues on something external

Daar is 'n fyn lyn tussen 'n rede en 'n verskoning.

Vraag: Doen persoonlike introspeksie oor wat “werklik agter” jou rede(s) sit. Wat keer jou om om die regte ding te doen.... die pad te loop wat God vra, jou verantwoordelikheid na te kom (teenoor jouself en ander).....en na Jesus te luister (Markus 9: 7)?

Gevolge van ons verskonings

- (Ons) **Vlug na gevaarlike(r) plekke**....
- (Ons) **Lewe begin uitrafel**....
- **Mense kry seer**.....(jy ook)
- **Jy mis uit**.....(op God se stem en lig in sy Woord, Jesus se vreugde, wysheid deur familie en mede-gelowiges....)

Lees Psalm 119:105; Hebreërs 12:1-6; Psalm 40:2-4; Jeremia 1:7-8

Hy gee buitengewone opdragte aan die mees doodgewone mense sodat gewone mense kan sien wat 'n buitengewone God deur hulle kan doen.



BUITENGEWOON

Jou gewone lewe maak
buitengewoon baie saak vir God.

As jy Hom net wil volg in sprakelose onderdanige gehoorsaamheid sal jy vind dat jy die dimensie van jou natuurlike vermoëns agter jou laat en die dimensie van sy bonatuurlike vermoëns betree.

Vraag: Wat is die ervarings of beleving wat jy al ondervind het wanneer jy op die Here se roepstem of leiding antwoord teenoor wanneer jy vanaf Hom wegvlug?

Vraag: “Daar is ‘n verband tussen ons potensiaal en ons gewilligheid om na God te luister”. Bespreek wat beteken “ons potensiaal” in die konteks.

Vraag: Waaraan kan jy persoonlik werk, in jou manier van luister om Jesus se stem te hoor?

Ons het in die BLOU reeks (einde 2021) reeds by die vraag stilgestaan. Gegewe jou nuwe insigte, is daar iets wat jy by jou vorige antwoord kan/moet/wil byvoeg of verander.

Bly in die wedloop

Lees Hebreërs 12:1-6

Vraag: In die **Buitengewoon InvloedRyke** wedloop wat die Here in jou hart lê, wat is vir jou die 1 of 2 sterkste ankers in Hebreërs 12:1-6?

Vertrou God (sy Gees is in jou)

Lees Lukas 11: 9-13; Romeine 8:15,26; Jeremia 1:7-8

BUITENGEWOON

Jou gewone lewe maak
buitengewoon baie saak vir God.

Kerk in Suid Visie

Kerk in Suid Visie : “Waar die Gees lewens en gemeenskappe verander”

Bespreking: Hoe kan julle as groep **Buitengewoon InvloedRyk** wees in die praktiese uitleef van Kerk-In-Suid se visie?

Doen hersiening van jul onlangse antwoorde (**InvloedRyk, Blou** reekse) oor die uitleef van Kerk-In-Suid se visie en opdateer soos nodig. Wat is die top 1 tot 3 “goed” wat julle as groep besluit het om in 2022 te doen, om Kerk-In-Suid se visie “sigbaar”, blymoedig en **Buitengewoon InvloedRyk** in ons gemeenskap te laat lewe?

Hy het sy seun Jesus Christus gestuur om vir ons te sterf en ons los te koop

Die Here wil jou gebruik – jy is vir Hom kosbaar, jou werk is nie klaar nie

Die goeie en die slegte nuus - jou vestings is nie so sterk as wat jy gedink het nie

Leef met die wete en vreugde “*Jahweh is my God*”

Sluit af met gebed

BUITENGEWOON

Jou gewone lewe maak
buitengewoon baie saak vir God.

NOTAS
